DAG 10

Soos bome by waterstrome

Lees Psalm 1.

Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak (v. 3b).

'n Boom wat langs 'n waterstroom geplant is, het 'n voorprong bo die bome wat verder weg staan. So is dit ook met die mens wat in die Here sy anker vind. Hy kan gedurig inskakel op die frekwensie van die lewende God. Deur hierdie voortdurende kontak met die Here van sy lewe, ervaar hy daagliks die lafenis wat van God kom.

So kry die heilige God inspraak in ons lewe. Sy Woord is die waarheid wat ons lei. Dit bring ons by die werklikheid. Ons ontdek die lewe elke môre nuut.

Hierdie Psalm leer ons om ons in die Woord van die Here te verlustig. Daarom moet ons die Woord nader trek en deel maak van ons lewe. Hier is 'n paar riglyne:

Personifiseer – Eien elke belofte van die Woord vir jou persoonlik toe;

Visualiseer – Sien die verwagte oorwinning reeds in jou gedagtes;
Mediteer – Dink volledig na oor die Woord van elke dag;
Memoriseer – Maak elke kerngedagte van die Woord in jou gedagtes vas.

Die Woord is soos vars water in 'n stowwerige wêreld. Ons word gewas deur die waterbad van die Woord. Die woorde van die lewe wat deur ons vloei, maak die Here vir ons 'n wonderlike werklikheid en laat ons in sy heerlike lafenis leef. Jy word so versadig deur die goeie wat die Here jou bied.

Dankie, Here, vir u Woord wat lewe gee.

Aantekeninge: